

Maandag

Jes. 44: 20 – 22; Rom. 1: 18 -25, 28; Gal. 3: 26, 27; 5: 13 – 23. Teks Galasiërs 3: 26, 27 “Julle is immers almal kinders van God, deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus ook soos ’n kleed aangetrek.” (Nuwe direkte vertaling NDV) Tema: "Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef." 'n Mens kan nie mekaar met goeie bedoelings byt en verskeur, en verteer nie, dit is, mekaar as mense verniel en skend nie. Dit is vandag al 'n algemene houding en vaste oortuiging dat mense mekaar verniel en krenk, maar dit doen met die verduideliking dat dit met goeie bedoelings gedoen was. Dit is eintlik die algemene wyse waarop mense mekaar vergewe: ons vra vergifnis en sê ons is jammer vir die vernieling en seermaak, maar ons vra begrip daarvoor dat ons dit nie sleg bedoel het nie. Ons wil vergewe word omdat ons mekaar met goeie bedoelings byt en verskeur. Paulus wys in Gal. 5:14 dat hierdie opvatting die misbruik van die Christelike vryheid is om aanleiding te gee vir jou sondige geaardheid om daarvolgens te mag leef. (NDV) of om jou vryheid te gebruik as 'n verskoning om sonde te doen". (1983 AV) Om mense te mag en te kan verniel met die opvatting jy doen dit met goeie bedoelings, is hoe mense volgens hulle sondige geaardheid wil leef. Dit is hoe hulle hul sondige natuur as hulle goeie natuur wil glo. Maar... mense verniel mekaar met slegte en kwade bedoelings. Hulle kan mekaar nie met werklik goeie bedoelings verniel nie. Jy kan nie iemand in liefde dien én hulle verniel en krenk deur jou sogenaamde liefde en diens nie. Daarom stel Paulus dat 'n lewe binne die bedoeling van die Heilige Gees, is 'n lewe van diens aan en liefde vir jou naaste, maar... om jou naaste te verniel en te krenk is 'n lewe binne die bedoeling van jou sondige geaardheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Jes. 44: 20 – 22; Rom. 1: 18 -25, 28; Gal. 3: 26, 27; 5: 13 – 23. Teks Gal. 3: 26, 27 “Julle is immers almal kinders van God, deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus ook soos ’n kleed aangetrek.” (Nuwe direkte vertaling). Paulus wys ons dat wie GOD se beeld verdraai (Rom.1:23), maak terselfdertyd hul NAASTE deel van hul eie verdraaide opvattinge oor die bedoeling van wie en wat mense is (Rom. 1:28). Die mens is God se beeld. Dit beteken Gód is die beeldhouer wat mense as mense ontwerp en gemaak het om mens te wees volgens sy bedoeling as God. Daarom vind mense die bedoeling en betekenis van hulle menswees daarin om aan God te behoort as hulle Maker en om God te dien as hulle Here. Die mens met sy sondige aard verdraai hierdie bedoeling van God met mense en maak God die maaksel van die mens en God die dienaar van die mens se sondige drifte. Dit is die krag waardeur mense gelyktydig God onheilig én mense verontmenslik. Deur God se bedoeling met hulle te verdraai, onheilig hulle God op só 'n wyse dat hulle God aanbid terwyl hulle die eer en lof vir wie God is vir hulle self toeëien (Rom. 1:25.) Wie GOD onheilig van sy eer en heerlijkheid as God,

verontmenslik MENSE. Wie God se bedoeling verdraai, maak van wie mense is hulle eie verdraaide opvatting (Rom.1 :28). Wie God ontheilig en dit as godsdien kan uitleef om God te ontheilig, stroop mense van hul menslikheid en glo dat hulle sondige begeertes is hul manier om mense lief te hê. Dit is wat verdraaide opvatting is: sondige begeertes wat as menslike liefde geglo en geleef word. Preek beskikbaar op Google by ngkerlevubu.co.za Ds Petrus.

Woensdag

Jes. 44: 20 – 22; Rom. 1: 18 -25, 28; Gal. 3: 26, 27; 5: 13 – 23. Teks Gal. 3: 26, 27 Die verskil tussen die praktyke van die sondige natuur en die vrug van die Gees in Gal. 5 is nie die verskil tussen goeie en slegte emosies, of gesonde of siek gemoedstoestand nie. Gevoelens soos opgewondenheid, neerslagtigheid, kwaad wees, gemoedelik wees, is iets anders as hierdie praktyke van die sondige natuur en vrug van die Heilige Gees. Hierdie sake is ondeugde en deugde - nie gevoels- of gemoedstoestand nie. Deugde is die innerlike verbintenis tot en innerlike ingesteldheid teenoor mense binne die bedoeling van GOD. Ondeugde is die innerlike verbintenis en ingesteldheid teenoor mense volgens mense se VERDRAAIDE OPVATTINGS, dit is, verdraaide bedoelings. Die praktyke van die sondige natuur is die ingesteldheid binne die verdraaide opvatting dat

1. Ek behoort aan my self en jy is my besitting;
2. Ek begeer wat ek wil en jy moet dit vir my bevredig;
3. Ek sien jou soos ek wil en jy sal die mens wees soos ek jou sien;
4. Ek sal jou maak of breek soos ek jou nodig het of nie nodig het nie;
5. Ek sal vir jou besluit wie en wat jy is en jy sal dit as jou bestemming glo.

Wie aan mense hierdie bedoelings gee, verbind hulle tot onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdien, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring afguns, dronkenskap en uitspattingheid. Elke ondeug is 'n ingesteldheid waarmee mense van hul menslikheid gestroop word deur 'n verdraaide opvatting. Preek beskikbaar op Google by ngekrlevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag

Jes. 44: 20 – 22; Rom. 1: 18 -25, 28; Gal. 3: 26, 27; 5: 13 – 23. Teks Gal. 3: 26, 27 “Julle is immers almal kinders van God, deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus ook soos 'n kleed aangetrek.” (Nuwe direkte vertaling) Die hele brief van Galasiërs gaan oor hoe God mense weer inbind in sy bedoeling oor hoe hulle mense moet wees: God maak mense regverdig deur hulle te verenig met wie Jesus as mens in hulle plek vir hulle is. Só is ons ingesluit en deel ons alles wat Jesus Christus vir ons as mens is. Daarom trek ons Hom soos 'n kleed aan dat ons onskuldig, strafloos, regverdig, heilig, en goed vir God is. Ons trek Christus aan in die geloof in en aanvaarding van God se bedoeling vir wie ons vir Hom is. Wie in Jesus Christus glo vir wie en wat Hy as Here deur sy menswees vir ons is, word deur die Heilige Gees só tot medegelowiges verbind en ingestel: ons is saam verbind tot mekaar en teenoor mekaar ingestel om God se bedoeling vir ons te glo en binne sy bedoeling vir ons te leef. Daarom leef ons binne God se bedoeling

vir mekaar wanneer ons Jesus Christus nie net vir onself glo nie, maar ook vir mekaar. Ek glo nie net dat ek aan Jesus Christus behoort, dat ek vir God sondeloos en strafloos, heilig en reg vir sy liefde en my liefde vir Hom goed en reg is deur Christus nie, ek glo dit ook vir my medegelowige vrou, man, kind, oupa, ouma, vriend, vennoot en landsburger. Die vrug van die Gees is die deugde wat die Heilige Gees in ons skep, deur ons in te sluit en te laat deel in alles wie Jesus Christus vir ons as mens is en ons as mense laat wees. Dit is die deugde wat die Gees in ons skep deur ons deel te maak en te laat leef in God se bedoeling vir ons! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Jes. 44: 20 – 22; Rom. 1: 18 -25, 28; Gal. 3: 26, 27; 5: 13 – 23. Teks Gal. 3: 26, 27 “Julle is immers almal kinders van God, deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus ook soos ’n kleed aangetrek.” (Nuwe direkte vertaling) Die Heilige Gees skep deugde in ons deur ons in te sluit, te laat deel en te laat leef in hierdie bedoelings van God:

1. ons is elkeen deur God gemaak, daarom is ons op mekaar aangewese om saam aan God te behoort;
2. ons is elkeen toegerus met talente in sy raadsplan Hom te dien, daarom bevorder ons mekaar se dienswerk;
3. ons word elkeen deur God gevorm om ons self uit te beeld soos Hy ons laat lyk, daarom aanvaar ons mekaar só en het ons mekaar só lief;
4. ons is elkeen deur God in ’n posisie aanstel om sy belange te bestuur, daarom eer ons mekaar daarvoor;
5. ons is elkeen geroep vir God se bestemming vir elkeen, daarom glo ons mekaar se roeping.

Om mekaar in liefde te dien, (Gal. 5: 13) is nie somer maar net ’n mooi samehorige gevoel of sentiment nie, dit is om te leef met die geloof in wie Christus ons vir God laat wees. Wie in hierdie geloof in Christus leef, in hulle skep God self hierdie deugde. Deugde is ’n skepping van God. Dit word geskep in kinders van God deur hulle binne God se bedoeling vir mense te laat leef. Daarom is hierdie deugde nie nuwe wette in die plek van die Tien Gebooe nie: jy móét liefdevol wees, jy móét bly wees of jy móét geduldig wees nie. Nee. Hierdie deugde is nie wette nie, dit is lewenshoudings en verbintenisse wat God in ons skep deur ons in te sluit en te laat deel in die bedoeling van Jesus as mens vir ons, om ons binne God se bedoeling vir ons te laat leef. Deur ons geloof in Christus, leef ons saam in God se bedoeling vir ons en só laat die Gees ons leef in liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds Petrus.